

DESEMBER 2018 NO. 12143
RSA R39.90
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N\$42.00

RESEPT
**WILDSAAL
VIR LEKKER-
BEKKIGES**



HERLAAI
**ALTERNATIEWE
DRYFMIDDELS**



Die tydskrif vir die jagter en bewaarder/The magazine for the hunter and conservationist

JAGTER

SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

HUNTER



JAGSTORIE
**VOORSITJAG IN
DIE K'ROO**

**'n Boogjagter
verruil snaar
vir sneller**



**Custom
.404
Jeffery**

a rifle fit for royalty



Buffel!

'n Bul om te onthou



Jean Wilke
**youthful master
of the blade**

NOSTALGIE – oor babers, bosbokke
en brulpaddas





HAUSKEN

SILENCER



INSPIRED BY HUNTERS

Importer & Distributor: L&O Group SA,
Email: infos@lo-int.com, Tel: 012 819 7800

INHOUD

UITGAWE: DESEMBER 2018

ARTIKELS

- 14** MY EERSTE JAGDROOM
JOHAN VAN WYK
- 18** JEAN WILKE – YOUNG BLADESMAN
- 22** SA JAGTER/HUNTER LAAT DIE SKOTE KLAP
MARISA BEETON
- 26** VOORSITJAG IN DIE BO-KAROO
LEONARD POWELL



- 36** IS INGEVOERDE DRYFMIDDELS BETER?
CASSIE NIENABER
- 40** BOSVELDFISANT, BABER, BOSBOK EN BRULPADDAS!
GERRIE VOSSER
- 46** CUSTOM .404 JEFFERY FIT FOR A KING
STAFF REPORT
- 48** DIE 8MM – MY KEUSE
DIRK STEYNBERG
- 50** 'N BOOGJAGTER ONTDEK WEER DIE ROER
REAN STEENKAMP

OMGEWINGSAKE

- 60** TAKEL GOGGAS SÓ...
GERHARD H. VERDOORN
- 62** KLOP DIE ROTTE
GERHARD H. VERDOORN

SAJWV

- 56** GALLERY SPORTING RIFLESKIETKOMPETISIE 2018
ANDRÉ VAN DER MERVE



A custom Mauser action rifle by Danie Joubert, chambered for the .404 Jeffery cartridge – ideal for the African bush.
RIFLE PHOTO: Koos Barnard
BUFFALO PHOTO: Nic de Bruine

RUBRIEKE

- 4** IN MY VISIER
- 6** BOSPOS – SÊ JOU SÊ
- 8** SNELVUUR
- 12** DOOIERUS – 'N DRAAI MET DIE LIG
- 52** GROOVY GADGETS
- 58** VRA VIR KASSIE

BRAAI EN BROU

- 30** WILDSAAL WAT WOEMA HET
EUNIA BARNARD

PROMOSIE

- 54** DEFENDER SAFES – OUT-WITTING CRIMINALS



JAGTER HUNTER

TEL: 012-485-9382

Privaatsak X202, Pretoria, 0001
Xcelpark, h/v Lynnwood- en Roderickstraat,
LYNNWOOD, 0081

INLIGTING OOR DIE SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING

Tel: 012-808-9300 faks: 012-808-9344
SAJWV: LEDENAVRAE, Tel: 012-808-9300

REDAKSIE

REDAKTEUR: Koos Barnard
Koos.Barnard@media24.com
Tel: 012-485-9401

SUBREDAKTEUR (VRYSKUT):
Eunia Barnard
(Artikelnavae & taalversorging)
Eunia.Barnard@media24.com
Tel: 012-485-9402

SUBREDAKTEUR:
Marisa Beeton (Taalversorging)
Marisa.Beeton@media24.com Tel: 012-485-9350

UITLEGKUNSTENAARS:
Marthie van Dyk (Uitleg en produksie)
Marthie.vanDyk@media24.com

Malinda Craythorne (Advertensie-ontwerp)
Malinda.Craythorne@media24.com
Tel: 012-485-9405 Faks: 086-535-4073

KANTOORBESTUURDER:
Patricia Jooste (Navrae/Administrasie)
Patricia.Jooste@Landbou.com
Tel: 012-485-9382 Faks: 086-535-4058

MEDEWERKERS:
Herman Jonker
Kassie Kasselman
Cassie Nienaber
Johan van Wyk

ADVERTENSIES

BESIGHEIDSBESTUURDER: Dirk Lamprecht
012-485-9356 / Dirk.Lamprecht@media24.com

ADVERTENSIEKONSULTANT:
Jacques Boshoff 012-485-9357/079-528-8793
Franco Jooste 012-485-9351/072-2500-201

INTEKENARE-NAVRAE:

Tel: 087-740-1018/Faks: 086-457-5916
E-pos: hunter@media24.com
Webtuiste: www.sahunt.co.za

MEDIA24

MEDIA24 WEEKLIKSE TYDSKRIFTE

HOOFBESTUURDER: Minette Ferreira
UITGEWER: Theuns Venter
ADMINISTRASIE: Johan Terblanche
SIRKULASIEHOOF: Johan Sadie
SIRKULASIE: Armand Kasselman
INTEKENARE: Elmarie Eygelaar
HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE: Ishmet Davidson
HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE: Raj Lalbahadur

DRUKKER:
Printed by Paarl Media Cape, 10 Freedom Way,
Marconi Beam, Milnerton, 7441.

UITGEGEE & VERSPREI:
Media24 (Reg. no. 05/038385/06),
Heerengracht 40, Posbus 2271, Kaapstad, 8000

© Kopiereg SA JAGTER/HUNTER. Alle regte voorbehou. Menings van medewerkers, rubiekskrywers en korrespondente word nie noodwendig deur SA JAGTER/HUNTER onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasie of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.



'N JAAR VOL DRAMA

En so sak die son oor nog 'n jaar... een wat gekenmerk is deur vele dramas. Vir baie is die Springbokke se dramatiese vertonings 'n groot kopseer. Die een Saterdag veroorsaak hulle euforie onder ondersteuners, net om jou die volgende week skuins teen die grond moedeloos moerig, befoeterd te maak. Sulke wipplankvertonings is sleg vir die gesondheid en ek dink sterk daaraan om die Bokke vir aanspreklikheid te dagvaar.

Maar eintlik is die sooibrand wat Rassie-hulle 'n mens gee kleingeld in vergelyking met ander dramas. In sekere dele van ons land knel die droogte steeds. Die brandstofprys laat jou nou tweemaal dink voor jy die motorsleutel draai (dis nogal jammer, Pretoria was elke Desember so lekker stil as al die Valies by die see is). Ek wil nie eens daaraan dink hoe die arme saaien ander boere wat groot hoeveelhede brandstof móét ge-

bruik se onkoste gestyg het nie. Vervoermaatskappye is net so in die knyp.

Van boere gepraat... 2018 was ook die jaar waarin die swaard van grondonteining voor hulle, én alle Suid-Afrikaners met besitreg, se deure kom lê is. Hoe gaan dit ons land in die toekoms beïnvloed? En misdaad? En plaasmoorde? Watter plaasmoorde? Ons eie president sê dan daar bestaan nie so iets nie en hy is tog 'n eerbare man (of so sê hulle).

Dít was seker een van die bitterste pille om te sluk in 2018. Om te sien hoe dié man sonder om te blik of te bloos die geweld teen ons boere ontken.

Met al dié kopsere is ek Vaderdankieby vir jag en skiet. Dis 'n ontvlugting van die daaglikse dramas wat dwing om jou kortasem te maak van moedeloosheid. As ek terugdink aan die afgelope jaar en sekere jagte in herinnering roep, skyn die son deur die newels en is ek steeds dankbaar dat ek hier in Afrika mag woon.

Dit was warm, die bos kraakdroog en ek was seker die groot koedoebul wat voor ons in die ruie bos gewei het, sou ons enige oomblik hoor... maar ons geluk het gehou. Die 180gr-koeël het hom tussen die oog en oor getref sonder dat hy ooit van ons teenwoordigheid bewus was.

Maande later in die Moordenaarskaroo het ek vroeggaand sit en kyk hoe die skemer nader skuifel, lui rokies van my soetdoringvuur voel-voel die donker begin verken en sterre, skynbaar skaars 'n armlengte weg, vriendelik knipoog. Die vroeggaand het 'n karos van volmaaktheid oor die K'roo getrek.

Ek onthou die winter se byt toe ek 'n paar maande later in die Bo-Karoo vroegoggend langs 'n swarthaakbos gekniel het, klappertand van die koue en 'n bietjie bokkoors. Voor my het 'n handjievool gemsbokke en twee springbokke witpens in die winterstaan en bak. Met die .270 Win oor die skietstokke het ek

gewag dat die een springbok 'n tree of twee vorentoe gee en my 'n oop skoot bied.

Blouwilbeeste het my laat swoeg hierdie jaar. Die hitte, stof steekvlieë, droë keel, 'n steil berg en uitputting het my laat wonder waarop ek myself so mors. Maar die aand langs die kampvuur was ek dankbaar dat ek Afrika kon ervaar.

Ek onthou die vroeë oggend-mis oor 'n vleiland in KwaZulu-Natal en toe die wit sluiers lig, hoe 'n rietbokram asof uit die niet verskyn het om oor sy koinkryk te staar...

Dink 'n bietjie en droom 'n bietjie weg van al die land se probleme af. Droom veld, droom skaaprib op 'n kameeldoringvuur en sterk swart koffie op klappertandoggende. Droom 'n springbok in die môreson of 'n koedoebul se skor blaf in 'n boskloof. Droom jag.

Ten spyte van als is daar steeds iets om oor te glimlag. SA JAGTER/HUNTER wens elke leser 'n geseënde Feestyd toe en 'n propvol jageisoen in 2019.

Mooi loop!

Neem kennis *Bokspog* staan oor hierdie maand weens tegniese probleme.



YOU CAN FIND OUR PRODUCTS
AT EXCLUSIVE SPECIALIST RETAILERS
AND ONLINE AT WWW.SWAROVSKIOPTIK.COM

For your closest stockist,
please contact Brad on 0861-005903



Z6(i) FAMILY PRECISION IN *EVERY* SITUATION

Stalking. Mountain hunting. Moving hunt. Safari. Hide hunting. Every type of hunting is special, each of them appealing and exciting in their own way. You are equipped for any of these scenarios with the Z6(i). This masterpiece from SWAROVSKI OPTIK has revolutionised the way we use rifle scopes. It has a 6x zoom, thereby ensuring an impressive field of view at low magnification, as well as enabling you to recognise all the key details at high magnification. You can choose from eight different models, which all essentially combine uncompromising optics with all the necessary fine settings. Perfectly adapted and already tried and tested more than 100,000 times. When seconds are crucial – SWAROVSKI OPTIK.

SEE THE UNSEEN
WWW.SWAROVSKIOPTIK.COM



Look out for your
unique product
registration sticker
attached to your
Swarovski product.



SWAROVSKI
OPTIK